

DNS-tegnologie "bevorder opbrengs"

DNS-merkers word gebruik om sojaboonplante wat geneties 'n hoë opbrengspotensiaal dra, te identifiseer en in teelprogramme te gebruik, het mnr. Willem Engelbrecht, hoofbestuurder van Pionier Saad gesê.

Die eerste kultivars wat uit sulke lyne geteel is het in 'n wye reeks proefaanplantings 'n opbrengs van 5 % meer gegee as die tradisionele kultivars. Die oogmerk is om die tegnologie te gebruik om binne die volgende tien jaar nuwe kultivars te teel met 'n opbrengspotensiaal van 40 % hoër as dit wat nou beskikbaar is.

Ander merkers is ook geïdentifiseer wat sojaplante in die toekoms 'n natuurlike weerstand teen aalwurms kan gee en wetenskaplikes werk volstroom om nog meer sulke eienskappe te ontgin.

Hy het gesê die onderneming gaan sewe belowende nuwe kultivars na SA bring om hier in strookproewe te plant en te evalueer.

Mnr. Gerhard Scholtemeier het bygevoeg dat tydens 'n besoek aan Suid-Amerika ook 'n ooreenkoms met staats- en navorsingsentra daar aangegaan is om van hulle kultivars na SA te stuur vir evaluering.

Dr. Jos de Kock van die Proteïennavorsingstigting het gesê die aanplant van indikatorproewe vir 'n vroeë waarskuwingstelsel teen roesuitbrekings gaan voort. 'n Natalse student is tans besig om 'n model te ontwikkel waarmee hy voortydig teen roes sal kan waarsku, maar dit moet nog in die praktyk getoets en verfyn word.

Terselfdertyd duur die soektog na kultivars wat roes kan verdra, onverpoos voort. Boere is weer gewaarsku dat roes die maklikste na lande versprei as 'n mens deur 'n besmette land loop en dan met dieselfde skoene en klere deur jou eie lande loop.

Deur **ANDRIES GOUWS**

LANDBOUWEEKBLAD, 28 Augustus 2009, p99